

St John's vier 120 jaar tot eer van die Here

Ailsa Tudhope

26 Junie 2016, St Johannes die Doper se feesdag, was baie belangrik vir die gemeente van die kerkie in Bankstraat, wat 120 jaar gelede geseën is vir dienste.

Mense het al langs Kerkstraat gestaan om die getuienis-optog vanaf die saal in Noordeinde te sien. Baie van die gemeente het gestap, gelei deur die Lutheran Boy's Brigade blaasorkes uit Oudtshoorn. Die baniere van die St John's Kerk, Moedersunie, Mansvereniging en Koor is deur lede gedra.

Vader Peter Minnaar het die geskiedenis van die kerk vertel gedurende sy preek, hoe die hoeksteen in 1895 gelê is, maar die gebou net die volgende jaar voltooi is omdat die bouer moes wag vir die 'lights' - die mooi gekleurde glasvensters, wat uit Engeland gestuur is.

Argitek en bouer, George Wallis het die kerk gebou nadat hy St Jude's in Oudtshoorn en die kerke in Klarastroom en Willowmore klaargemaak het. Sy assistent was die plaaslike priester, eerwaarde William Philip Southby, saam met eerwaarde William Breach van Plettenbergbaai wat die altaar gemaak en die mooi teks op die mure gevef het.

Groete uit verskillende kerke in die bisdom is gelewer. Vader Isaac Joseph, die aartsdiaken, het uit Riversdal gery om saam met die gemeente die groot dag deur te bring en het saam met Vader Minnaar die Heilige Eucharistie gevier. Die koor en die blaasorkes het musiek tot eer van die Here gedurende die diens gelewer en gebede is spesifiek vir die geskiedkundige gebeurtenis saamgestel.

Die werk van die stigters van 120 jaar gelede is geëer en Vader Minnaar het die gemeente aangemoedig om hulle eie verantwoordelikhede op te neem: ondersteuning en aanmoediging vir die kinders en jeug; sorg vir die ou mense en werk in die gemeenskap, sodat almal die optog op die pad huis toe mag stap - die huis van die Here.

'n Ete met toesprake is na die diens in die saal in De Wittstraat deur gemeentelede en besoekers geniet.

329 words for PAFriend July edition